Hemelse skoolgebou vir aardrykskunde en wêreldgeskiedenis

Die Geestelike Son - Boek 2, hoofstuk 69 (Jakob Lorber)

Hoofstuk 69:10 Maar is dit die enigste sfeer en het die leerlinge met hierdie studie die geografiese leervak beëindig? O nee! Kyk, daar ietwat verder voor ons lê alweer `n groot saal. Daarin is `n gelyksoortige sfeer, wat die aarde voorstel soos wat hy duisend jaar gelede was, en weer in `n aangrensende groot saal een, wat die aarde nog eens `n duisend jaar gelede voorstel en so gaan dit deur tot by Adam.

11 Op hierdie manier leer die leerlinge tydens die geografie, ook tegelykertyd die wêreldgeskiedenis, hulle gaan altyd net die omgekeerde weg. Hulle begin by die teenswoordige tyd en gaan sodoende van die verskynsels terug na die oorsaak, dit wat soveel wil sê as van buite na binne gaan.

12 Julle vra nou: Op aarde vind enorme veranderinge egter van jaar tot jaar plaas; hoe kan mens dit dan wel op die groot, steeds duisend jaar omvattende sfere bestudeer? Daarop sê ek niks anders nie as: Kyk net ietwat om jou heen en neem alles wat hom in so 'n groot saal bevind, in oënskou. Kyk, op `n afstand staan daar in elke saal nog tien ietwat kleiner sfere. Hulle stel die aarde van eeu tot eeu voor en wel ewe lewenseg soos wat op die grote te siene is. Agter hierdie tien sfere sal julle weer in goeie orde `n nog groter aantal ontdek, waarop die veranderinge op die aarde van jaar tot jaar aangegee word, en daaragter, die vêrste weg, in die laaste ry, sal julle baie klein sfere ontdek met `n deursnee van nouliks drie voet, waarop die veranderinge op aarde van dag tot dag aangegee word.

13 In die eerste saal kan julle sien, dat daar, volgens julle berekening, `n nuwe sfeer elke dag aan hierdie laaste ry toegevoeg word, dit wil sê in die saal wat julle huidige millennium voorstel. Sodat die leerlinge nie te veel met die klein sfere te doen het nie, word hulle vooraf deur die leraars op die groot sfere reeds aangegee watter veranderinge hom hier of daar op aarde voorgedoen het. Daardeur leer die leerlinge alles ken en kan hom later, ter eie bevestiging, self van dit alles op die klein sfere oortuig.

14 Aan die einde van die laaste saal, waarin die aarde ten tye van Adam uitgebeeld word, is daar ook `n opening, waardeur ons leerlinge die werklike aarde, soos deur `n soort verkyker, kan bekyk, waardeur hulle hulle volkome kan oortuig van alles wat hulle in hierdie sale oor die aarde geleer het.

15 Hoe lank duur so `n leerproses egter volgens julle tydrekening? Hoogstens ses na sewe dae, want julle moet hier `n verreweg groter en meer onbelemmerde, suiwer geestelike bevattingsvermoë in aanmerking neem, waardeur so 'n geestelik gewekte kind in één minuut meer begryp as julle op aarde in één jaar. Daarenteen doen situasies hulle in die ryk van die onvolmaakte geeste voor, waarby `n gees in honderd jaar minder vooruit gaan as `n mens op aarde in één minuut.

16 So is daar ook op julle ooreenstemmende aarde en in die besonder ook op die maan, onderrig- en verbeterings instellinge vir geeste, waarin hulle waarlik erbarmlik sleg vooruitgaan. Maar dit hoort nie hier tuis nie, omdat die geeste hulle hier in hulle volmaaktheid en oorspronklike suiwerheid bevind.

17 Wat leer die kinders egter na hierdie kursus? Kyk, voor ons, verder na die middag, staan alweer `n enorme groot gebou. Wat word daar onderrig? Ek sê vir julle; niks anders nie as die natuurlike samestelling van die uiterlike wese van die aarde, dus die natuurlike geologie en die ontstaan van die aarde. Eers as dit alles aanskoulik en terdeë opgeneem is, gaan mens oor na die geskiedkundige, en van daaruit na die geestelike aarde. Julle sal julle egter ter plaatse daarvan kan oortuig hoe dit alles aangebied word, net soos julle dit tot nou toe gedoen het.